

# KONSTITUSIE

## DURBANVILLE ERFENIS-STIGTING

### 1 Naam

Die naam van die Stigting is die DURBANVILLE ERFENIS-STIGTING (hierna “die Stigting” genoem).

### 2 Wettige status

- (a) Die Stigting is en sal bestaan as ‘n onafhanklike en aparte regs-entiteit en beheerliggaam, met die mag om eiendom van enige aard aan te koop, te hou, te beswaar en te vervreem met die bevoegdheid van regte en obligasies asook ewigdurende erfopvolging.
- (b) Alle aksies, regsgedinge en verrigtinge rakende die wet of enige arbitrasie vir of teen die Stigting sal geskied in die naam van die Stigting en die komitee mag enige persoon magtig om namens die Stigting op te tree en om alle sodanige dokumente te teken en om enige stappe te neem wat nodig is in verband met sodanige verrigtinge.

### 3 Doelstellings

Die doelstellings van die Stigting is as volg:

- a) Om die kultuur-erfenis van Durbanville en omliggende distrikte (waar van toepassing) te bevorder en bewaar.
- b) Om geboue, plekke en oop publieke ruimtes wat die erfenis van Durbanville en omgewing bevorder (met spesifieke verwysing na die bewaring van die landelike omgewing en plase) te identifiseer en bewaar.
- c) Om geskrewe en oudiovisuele materiaal met betrekking tot Durbanville te versamel, te orden, te verwerk, te ontsluit en bewaar.
- d) Om oorspronklike navorsing aan te moedig en te ondersteun ten bevordering van die doelstellings van die Stigting.
- e) Om binne die raamwerk van sy doelstellings ‘n inligtingsdiens aan die publiek te lewer.
- f) Om met ander persone en instansies wat Durbanville se kultuur, asook sy natuuumgewing bestudeer en/of bewaar, saam te werk.

- g) Om gereelde vergaderings en aktiwiteite vir sy lede te reël en waar van toepassing ook vir die algemene publiek.

Nie teen staande van bogenoemde, behou die Stigting hom die reg voor om aan enige aanvullende aangeleenthede aandag te skenk, te bevorder en uit te voer.

#### **4 'n Stigting sonder winsmotief**

Nie teen staande enigiets teenstrydig hierin bevat sal:

- (a) Die Stigting in geen aktiwiteit betrokke raak wat ten doel het die maak van wins vir individuele lede.
- (b) Die inkomste en bates van die Stigting sal alleenlik aangewend word vir die bevordering van die doelstellings waarvoor die Stigting gestig is.
- (c) Die Stigting sal nie handel dryf of deel neem aan enige ander wins-makende aktiwiteite, en sal nie deel neem aan enige besigheid, profesie of beroep van enigeen van sy lede nie, en sal nie finansiële ondersteuning, persele, kontinue dienste of fasiliteite verskaf aan enigeen van sy lede vir die ondersteuning van enigeen van sy lede se sake, profesies of beroepe nie.

#### **5 Magte van die Stigting**

Onderhewig aan die bepalings in klousule 4 hierbo, het die Stigting alle sodanige magte wat benodig word vir die behoorlike bereiking van die doelwitte soos uiteengesit in klousule 3 hierbo, en sal spesifiek ook die volgende uitdruklike bevoegdhede verkry:

- (a) Om die uitruil van idees te fasiliteer en om as 'n verekeningsfasiliteit op te tree vir idees, prioriteite en probleme rakende die bewaring en erfenis van die Durbanville gebied met spesiale verwysing na geboue, publieke plekke, insluitende sport, "equestrian" en verwante aktiwiteite, aangrensende plase asook die natuurlike omgewing.
- (b) Om 'n nuusbrieff te publiseer ten voordeel van sy lede en/of geïnteresseerde persone:
- (c) Deur samewerking die onnodige duplikasie van aksies vir die bewaring van die kultuur-erfenis van die Streek te vermy;
- (d) Om vaste en losse eiendom aan te skaf ten bate van die Stigting ten bevordering van die Stigting se doelwitte en om sodanige eiendom te onderhou, verbeter en te verander.

- (e) Om enige regshandeling in te stel, aan te voer, te skik of te laat vaar vir of teen die Stigting of sy werkers, of andersins rakende die sake van die Stigting;
- (f) Om bankrekeninge oop te maak in die naam van die Stigting, om geld te onttrek en te ontvang, endossering, en die gebruik van wissels, promesse, tjeks en ander onderhandelbare instrumente gekoppel aan die sake van die Stigting;
- (g) Om enige geld van die Stigting te belê wat nie onmiddelik benodig word vir die doelstellings van die Stigting;
- (h) Om die wetlike nakoming van enige kontrakte of transaksies deur die Stigting aangegaan te beveilig deur die verkryging van verbande op alle of deel van die eiendom van die Stigting;
- (i) Om enige vereniging of stigting tot stand te bring, te bevorder, hulp te verleen vir die stigting en bevordering, in te teken of om as lid aan te sluit, waarvan die doelstellings dieselfde of gedeeltelik dieselfde is van die Stigting of waarvan die oprigting en bevordering ten voordeel strek van die Stigting, op voorwaarde dat geen gelde betaal word aan sulke organisasies uit die fondse van die stigting behalwe *bona fide* betalings in belang van die Stigting;
- (j) Om enige instelling ten voordeel van die Stigting te ondersteun of om aan te sluit/in te teken.
- (k) Om geld te leen of te bekom en sekuriteit te verleen deur middel van effekte, skuldbriewe, obligasies, wissels, promesse of ander obligasies en sekuriteite van die Stigting of deur verbande aan te gaan op alle of of enige deel van die eiendom van die Stigting;
- (l) Om skenkings te maak, lenings aan te gaan, ruiling, huur van bates en enige ander vorm van kontrak insluitende die verkoop en koop van eiendom van enige soort, onderhewig aan die voorwaardes in klousule 4 hierbo.

## **6 Regte van lede**

- (a) Lidmaatskap van die Stigting gee nie, en sal nie, die reg gee aan enige lid tot enige geld, eiendom of bates van die Stigting, maar slegs verskaf slegs aan sulke lede die voorregte van lidmaatskap onderhewig aan ledegeld billike beperkings soos ingestel deur die komitee van tyd tot tyd.
- (b) 'n Lid wie se aansoek om lidmaatskap toegestaan word sal gebind word deur die konstitusie, reëls en resolusies van die Stigting wat op daardie tydstip van krag is of wat toekomstig verander of aan gepas mag word en van krag is in enige toekomstige tyd. Geen persoon sal vrygeskel word van die effek en toepassing van die konstitusie, reëls en resolusies as gevolg van die rede dat hy of sy nie 'n kopie daarvan verkry het nie.

- (c) 'n Lid wie nie 'n natuurlike persoon is mag 'n natuurlike persoon aanwys om op te tree om sy/haar belange, insluitende stemming by vergaderings en deelname aan die komitee, deur die voorlegging van 'n geskrewe nominasie tot hierdie effek aan die sekretaris. Sulke nominasies bly van krag totdat dit skriftelik herroep word of vervang word deur 'n ander nominasie.
- (d) 'n Lid het die reg om enige kennisgewings te ontvang van alle algemene en spesiale vergaderings van die Stigting, om sulke vergaderings by te woon en om oor alle sake te stem.
- (e) 'n Lid het die reg om gereelde inligting te ontvang van die komitee oor die sake van die Stigting

## 7 Aanspreeklikheid van lede

Die aanspreeklikheid van lede word beperk tot die bedrag van onbetaalde ledegelde of enige ander gelde deur sulke verskuldig aan die Stigting.

## 8 Lidmaatskap

- (a) Enige natuurlike persoon, wettige persoon, firma of organisasie wie die doelstellings van die Stigting onderskraag mag aansoek doen om lidmaatskap wat bestaan uit die volgende kategorieë:
  - o Gewone-lidmaatskap
  - o Ere-lidmaatskap
  - o Korporatiewe-lidmaatskap
- (b) Aansoek om lidmaatskap moet skriftelik geskied op op 'n lidmaatskap aansoek vorm. Die komitee mag addisionele inligting bekom soos benodig.
- (c) Die komitee het die reg om sodanige lidmaatskap aansoekvorm aan te pas of te verander.
- (d) Kandidate vir lidmaatskap sal verkies word deur 'n meerderheidsstemming van die komitee.
- (e) Die komitee sal die magte hê om die verkiesing van 'n kandidaat ten enige tyd na die verkiesing te kanselleer indien hy of sy verkeerdelik of wanverteenwoordiging verkies was. Die persoon wie se verkiesing gekanselleer word in terme van hierdie klousule se lidmaatskap van die Stigting sal beëindig word en die persoon se naam sal verwyder word van die register van lede en hy of sy sal geen aanspraak hê op skadevergoeding van die Stigting, deposito of ledegeld op enige gronde. Die komitee mag egter sulke *ex gratia* terugbetalings maak van depositos of ledegeld indien dit as geoorloof beskou word.

- (f) Die sekretaris van die Stigting sal die persoon in kennis stel na die verkiesing van so 'n persoon en hy of sy sal op geregtig twees op 'n afskrif van die konstitusie, reëls en resolusies van die Stigting op aanvraag of aansoek.

## **9 Beëindiging van lidmaatskap**

- (a) 'n Lid mag bedank deur skriftelik kennis te gee aan die sekretaris van die Stigting (**op enige datum voor die betaling van die volgende ledegeld ?**)
- (b) Die komitee mag die lidmaatskap van 'n lid beëindig as gevolg van die versuim om ledegeld te betaal, wangedrag, of verbreking van die konstitusie van die Stigting of in die geval waar die die komitee van mening is dat die lid nie langer die doelwitte van die Stigting onderskryf onderhewig aan sub-klausule 11(b) hieronder.

## **10 Lidmaatskapsfooie**

Die jaarlikse ledegeld vir lidmaatskap sal deur die komitee bepaal word sal en by die volgende algemene of spesiale vergadering bekragtig en goedgekeur deur die lede.

## **11 Betaling van Ledegeld**

- (a) Alle ledegeld sal elke jaar betaalbaar word op eerste dag van Mei.
- (b) 'n Lid wie nie sy ledegeld betaal nadat dit betaalbaar word, sal nie geregtig wees om te stem by enige vergadering van die Stigting.
- (c) 'n Lid wie se ledegeld of enige ander bedrag nie betaal binne drie maande nadat dit betaalbaar geword het, se lidmaatskap sal beëindig word.

## **12 Her-toelating van lede**

Die komitee mag die lidmaatskap van 'n lid herstel wie se lidmaatskap vir enige rede beëindig op grond van terme en voorwaardes soos bepaal deur die komitee vir elke individuele geval.

## **13 Komitee**

- (a) Onderhewig aan sub-klausule (ii) hieronder sal die komitee bestaan uit:
- (i) Nie meer as 10 (tien) persone verkies tot die komitee; en

- (ii) sal self 'n voorsitter, ondervoorsitter, tesourier en sekretaris verkies.

#### **14 Verkiesing van die komitee**

- (a) Lede van die die komitee sal verkies word deur die lede van die Stigting in 'n algemene vergadering.
- (b) Elke verkose lid van die komitee sal sy posisie behou vir 'n periode wat sal eindig by die end van die jaarlikse algemene vergadering van die Stigting wat die vergadering volg waarin hy verkies was. So 'n lid sal outomaties uittree as lid van die komitee aan die einde van die periode maar sal verkiesbaar wees vir 'n her-verkiesing as a lid van die komitee op voorwaarde dat hy of sy hul kwalifiseringstatus behou.
- (c) Die stemmery vir die verkiesing van lede van die komitee by jaarlikse algemene vergadering sal geskied deur stembriewe of toon van hande soos deur die voorsitter besluit.

#### **15 Beheer en bestuur van die sake van die Stigting**

- (a) Die bestuur and beheer oor die sake van die Stigting rus by die komitee, wie die volle mag en outoriteit het om op enige manier na die sake om te sien van die Stigting behalwe die aangeleenthede soos spesifiek gereserveer is in konstitusie en wat op die algemene vergadering van lede afgehandel moet word.
- (b) Tesame met sub-klousule (a) hierbo, en die magte en outoriteit toegeken volgens hierdie konstitusie, en sonder om in enige wyse die algemeniteit van sulke magte and outoriteit te beperk, sal die komitee ook die volgende spesiale magte he:
  - (i) om agente, amptenare, klerke, hulppersoneel en ander personeel aan te stel vir permanente, tydelike of spesiale dienste na hul goeddunke, asook om in hulle te investeer na goeddunke en om hul pligte te bepaal en hulle salarisse en vergoeding (indien enige) te bepaal en te verander en om sekuriteit te verkry in sulke gevalle en kostes na hul goeddunke. Om sulke persone te skors of ontslaan binne hul diskresie.
  - (ii) om in die naam Stigting enige kontrakte uit te voer en om enige persoon te wettig om sodanige kontrakte te teken namens die Stigting;
  - (iii) om enige eis teen of namens die Stigting te verwys na arbitrasie en om die uitspraak te aanvaar of te verwerp.
  - (iv) Om kwitansies, vrystellings en ander voldoening te gee vir gelde betaalbaar aan die stigting en vir eise teen die Stigting;

- (v) om persone aan te stel wat gemagtig is om namens die Stigting wissels, tjeks, kwitansies en ander onderhandelbare instrumente te teken;
  - (vi) om reëls, regulasies vir die sake van die Stigting te maak, verander en te herroep op voorwaarde dat dit in ooreenstemming is met die terme van die konstitusie;
  - (vii) om ooreen te kom oor die vergoeding van die Stigting se aangestelde ouditeur/re;
  - (viii) om lidmaatskap op te skort of te beëindig in terme van die konstitusie;
  - (ix) om lidmaatskap fooie te ontvang of aan te vra en om donasies, nalatenskappe, heffings en enige ander voordele van enige aard en van enige persoon of liggaam te ontvang;
  - (x) om redelike uitgawes te betaal wat aangegaan is deur enige lid, amptenaar of beampte in die uitvoering van hul pligte vir of namens die Stigting in terme van 'n ooreenkoms of kontrak met die Stigting;
  - (xi) om vergaderings en funksies ten voordeel van die Stigting te reël;
  - (xii) om toekennings en pryse te gee;
  - (xiii) om ledegeld te betaal vir elke kategorie van lidmaatskap soos in klousule 8 hierbo asook enige spesiale onderhewig aan die goedkeuring van lidmaatskap;
  - (xiv) om enige aansoek vir verminderde ledegeld te oorweeg deur enige lid om binne hul eie diskresie sodanige jaarlikse lidmaatskap fooi te bepaal;
  - (xv) om lede te ko-opteer om op sub-komitees te dien en om om te sien na spesiale projekte onder die ko-ordinering van die komitee en sekretaris;
  - (xvi) om in die algemeen die sake van die Stigting te administreer.
- (c) Die lede mag in 'n algemene vergadering die besluite van die komitee hersien, goedkeur of aanpas, maar geen besluit van die lede sal die aksies geneem deur die komitee ongeldig maak in ooreenstemming met die konstitusie.

## 16 **Beëindiging van die komiteelede se dienstermyn**

- (a) Indien 'n lid van die komitee drie maal na mekaar sonder geldige verskoning van 'n komitee vergadering, waarvan daar behoorlik kennis gegee is, afwesig is, hou so iemand op om lid van die komitee te wees.
- (b) Die komitee sal die mag hê om 'n vakature te vul vir die oorblywende termyn indien enige lid van die komitee ophou om lid te wees van die komitee.

## 17 Vergaderings van die komitee

- (a) Die komitee sal by sy eerste vergadering na die jaarlikse algemene vergadering van die Stigting 'n voorsitter, ondervoorsitter, tesourier en sekretaris verkies.
- (b) Indien beide die voorsitter en ondervoorsitter nie teenwoordig is by enige vergadering kan die lede teenwoordig 'n voorsitter uit hul geledes aanwys vir die vergadering.
- (c) Ten minste sewe dae kennis van alle komitee vergaderings moet gegee word tensy al die lede van die komitee besluit om 'n korter kennisgewing te aanvaar.
- (d) Die kworum vir 'n vergadering van die komitee sal 50% plus een van die verkose komitee lede. Enige besluit word geneem met 'n meerderheid van stemme of die opsteek van hande van die lede teenwoordig. Elke persoon wat geregtig is om teenwoordig te wees en om te stem sal een stem hê en die voorsitter van die vergadering 'n gewone en 'n beslissende stem. Geen stemming deur volmagtiging sal toegelaat word.
- (e) Die sekretaris van die Stigting sal 'n spesiale vergadering belê op instruksies van voorsitter of deur ontvangs van 'n skriftelike versoek van ten minste drie lede van die komitee.
- (f) 'n Geskrewe resoluëie geteken deur al die lede van die komitee en geplaas binne in die notule boek van die komitee sal beskou word as geldig en van krag is asof dit by 'n vergadering van die komitee goedgekeur is. Enige sodanige resoluëie mag bestaan uit verskeie dokumente in die selfde formaat, elkeen wat geteken is deur een of meer lede en sal beskou word (tensy die teendeel uit die resoluëie) om goedgekeur te wees op die datum waarop dit geteken is deur die laaste lid van die komitee wat geregtig is om dit te teken.
- (g) Alle handelinge uitgevoer by enige vergadering van die komitee of deur enige persoon wat optree as lid van die komitee sal, nie teen staande dat dit agterna blyk dat daar 'n sekere foute was in die aanstelling van sodanige lid of persoon wat optree soos bo genoem of dat enige van hulle hulle gediskwalifiseer is, aanvaar word as geldig asof elke sodanige persoon behoorlik aangestel is en gekwalifiseer is om 'n lid van die komitee te wees.



- (h) Die omissie om kennis te gee van enige vergadering van die komitee sal nie die verrigtinge by enige sodanige vergadering ongeldig maak.
- (i) Die verrigtinge van die komitee sal geldig wees nie teen staande enige tydelike vakature in die komitee.

## **18 Jaarlikse algemene vergaderings**

- (a) Die jaarlikse algemene vergadering van lede van die Stigting sal gehou word op 'n plek en datum soos bepaal deur die komitee.
- (b) Kennis van die datum, tyd en plek vir die die jaarlikse algemene vergadering sal per pos of elektronies aan elke lid van die Stigting gestuur word ten minste een-en-twintig dae voor die vasgestelde datum vir die hou van so 'n vergadering.
- (c) Die omissie om per pos of elektronies so 'n kennisgewing aan 'n lid te stuur sal nie die geldigheid van die hou van die vergadering of die aanvaarding van enige resolusies by die vergadering beïnvloed.

## **19 Prosedures by die jaarlikse algemene vergadering**

- (a) Die voorsitter sal 'n verslag voorhou van die werk and aktiwiteite van die komitee tesame met finansiële state van die Stigting vir bespreking by die jaarlikse algemene vergadering and goedgekeur word deur die lede teenwoordig. Dit sal gevolg word deur:
- (b) Die verkiesing van die lede van die komitee van die Stigting.
- (c) Bepaling van jaarlikse ledegeld vir die jaar.
- (d) Oorweging van enige aangeleenthede rakende die sake van die Stigting.

## **20 Spesiale algemene vergaderings**

- (a) Die komitee kan ten eniger tyd deur middel van die die sekretaris 'n spesiale algemene vergadering van lede belê deur kennis te gee oor die doel van die vergadering aan lede in nie minder as 14 dae.
- (b) Die sekretaris sal a spesiale algemene vergadering van lede van die Stigting saamroep, na ontvangs van 'n voorstel in hierdie verband wat die resoluë/s bevat wat aanvaar/besprek moet word en/of ander aangeleenthede, en geteken is deur meer as 'n derde van die lede. Die sekretaris sal per pos of elektronies aan elke lid a afskrik van sodanige kennisgewing stuur ten minste 14 dae voor die datum van die vergadering.

- (c) Die omissie om per pos of elektronies sodanige kennisgewing uit te stuur sal nie die geldigheid van die hou van die vergadering of die aanvaarding van resolusies beïnvloed.

## **21 Korum by algemene vergaderings**

Die korum vir 'n algemene vergadering van lede sal 'n derde wees van lede wat geregtig is om te stem by die vergadering. Indien geen korum teenwoordig is binne 15 minute na die tyd bepaal vir die aanvang van die vergadering sal, in die geval van die jaarlikse algemene vergadering of spesiale vergadering of die komitee, uitgestel word na die selfde dag en tyd in die volgende week. By so 'n uitgestelde vergadering sal die gewone lede teenwoordig beskou word as 'n korum vir die voortsetting van die sake van die vergadering. In die geval van 'n spesiale algemene vergadering aangevra word deur 'n versoek van lede waar geen korum teenwoordig is sal die vergadering ontbind 15 minute na die aanvangstyd van die vergadering.

## **22 Voorsitter by die jaarlikse algemene vergaderings**

Die voorsitterstoel by alle algemene of spesiale vergaderings van lede van die Stigting sal geneem word deur die voorsitter van die Stigting, of in sy afwesigheid, die onder-voorsitter. Indien beide afwesig is sal die lede teenwoordig 'n voorsitter aanwys vir daardie vergadering uit die lede van die komitee teenwoordig. Indien geen van die lede van die komitee teenwoordig is sal 'n voorsitter verkies word wat geregtig is om te stem vanuit die geledere van lede wat teenwoordig is,

## **23 Verdaging van algemene vergaderings**

Die voorsitter van enige algemene vergadering mag, met die goedkeuring van die vergadering deur 'n meerderheid besluit, die vergadering verdaag van tyd tot tyd en plek tot plek. Geen sake ander as die wat onafgehandel was by die vergadering waarby die verdaging plaas gevind het mag op sodanige uitgestelde vergaderings afgehandel word.

## **24 Volmag**

- (a) 'n Lid mag enige persoon skriftelik aanstel as sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger om hom of haar te verteenwoordig, namens hom of haar te praat en te stem by die algemene vergadering, op voorwaarde dat:
- (i) so 'n verteenwoordiger slegs per stembrief mag stem;
  - (ii) 'n lid slegs een verteenwoordiger mag aanstel;
  - (iii) die selfde verteenwoordiger mag slegs vir een lid op tree..
- (b) Die geskrewe prokurasie moet die sekretaris bereik nie later as 12 uur voor die aanvang van die vergadering.

## 25 Stemmerij

- (a) Elke lid (insluitende korporatiewe lede) teenwoordig by 'n algemene of spesiale vergadering van die Stigting het een stem.
- (b) Die verkiesing van komitee lede sal deur 'n meerderheid van stemme bepaal word in ooreenstemming met klousule 14 hierbo.
- (c) Tensy anders uiteengesit in hierdie konstitusie, sal enige sake, resolusies of vrae voorgelê by sodanige vergadering deur 'n meerderheid van stemme besluit word deur persone teenwoordig wat gemagtig is om te stem deur stembriewe of deur die opsteek van hande.
- (d) 'n Stemmerij met behulp van stembriewe sal slegs gehou word as dit deur die voorsitter bepaal is of indien ten minste deur 5 lede wat persoonlik teenwoordig is by die vergadering dit vereis.
- (e) 'n Bekendmaking deur die voorsitter van die vergadering van die resultate van die opsteek van hande of stembriewe sal beslissend wees.

## 26 Wysigings aan die konstitusie

Die konstitusie van die Stigting, of enige deel daarvan, sal nie herroep of verander word behalwe deur 'n resolusie wat aanvaar is deur 'n twee-derde meerderheid van die lede van die Stigting teenwoordig by 'n jaarlikse of spesiale algemene vergadering van die lede van die Stigting. 14 Dae kennis sal aan die sekretaris gegee word van die mosie om die konstitusie te verander of te herroep en om 'n afskrif van so 'n kennisgewing aan elke lid te stuur.

## 27 Interpretasie

- (a) Behalwe waar die konteks anders vereis sal enkelvoudige woorde beskou word om meervoudige woorde te omsluit en *vice versa* en dat manlike geslag die vroulike en neutrale geslag insluit en *vice versa* en dat Engelstalige weergawe beskou word om alle ander vertaalde weergawes te omsluit en *vice versa*.
- (b) In die geval van *bona fide* twyfel of dispuut oor die betekenis en interpretasie van enige van die bepalings van die konstitusie van die Stigting of in verband met enige ander aangeleentheid, sal die komitee van tyd tot tyd daarvoor 'n besluit neem en die arbiter wees. Die komitee se besluit sal bindend wees op al die lede van die Stigting, onderhewig aan enige resolusie geneem by 'n algemene vergadering van die Stigting daarvoor.

## 28 Register van lede

Alle lede sal hulle adresse en kontak besonderhede deurgee aan die sekretaris wie 'n register van lede sal onderhou.

## **29 Afskrifte van die konstitusie, reëls and resolusies**

'n Afskrif van die konstitusie, reëls and resolusies en van enige herroeping of amendemente of nuwe reëls wat van tyd tot tyd geld gemaak word asook die rekenkundige en finansiële boeke sal beskikbaar gestel word deur die sekretaris vir inspeksie deur lede op aanvraag.

## **30 Kennisgewings**

Kennisgewings of rekeninge aan lede sal beskou word as behoorlik afgelewer deur dit per pos of elektronies te stuur aan lede se adres soos aangeteken in die lede register,

## **31 Vrywaring**

Elke lid, amptenaar of werknemer van die Stigting sal gevrywaar word deur die Stigting teen alle kostes, verliese, en uitgawes wat hy of sy aangegaan het of aanspreeklik gehou word as gevolg van handeling deur hom of haar in die uitvoer van hul pligte, tensy die verlies ter sprake veroorsaak is deur growwe nalatigheid, oneerlikheid of verbreking van vertroue.

## **32 Likwidasië**

Die Stigting mag ontbind deur 'n resoluëie aanvaar by 'n spesiale algemene vergadering belê vir daardie doel, met die voorbehoud dat so 'n resoluëie aanvaar word deur ' twee-derde meerderheid van die lede teenwoordig wat gemagtig is om te stem by sodanige vergadering. So 'n vergadering sal ook die magte hê om resolusies te aanvaar deur meerderheid temming vir die aanstel van 'n likwidateur en die wegmaking van surplus fondse en bates van die Stigting na likwidasië en die betaling van alle skuld en obligasies van die Stigting, met voorbehoud dat surplus bates gegee of oorgedra word na 'n ander stigting of instituut met die selfde doelstelling en doelwitte as die van die Stigting, vrygestel van belasting onder die wette van toepassing op belasting en donasies.

## **33 Domicile**

Die geregistreerde adres vir die die Stigting is:

Durbanville Erfenis Stigting  
Posbus 46197  
Aurora  
Durbanville  
7551

[info@durbanville-heritage.co.za](mailto:info@durbanville-heritage.co.za)